SA BOERPERD TELERGENOOTSKAP

Maart 2014, NUUSBRIEF No. 1

# NUUSBRIEF

Regstellings: Punt 7

*Geagte Boerperd Vriende*

*Dit is waarlik 'n voorreg om deel te kan wees van so 'n dinamiese ras soos die SA Boerperd. Soos julle sal sien in hierdie nuusbrief, is daar talle onderhandelings wat voortdurend plaasvind en vernuwings wat ondersoek word. Om by te kan hou met gebeure in die buite-wêreld, is dit nodig dat ons alle voorstelle en veranderings deeglik sal evalueer en oorweeg voor implementering. As daar egter nie vooruitgang en vernuwing is nie, is dit noodwendig agteruitgang. Soms is dit nodig om te erken "ons het 'n fout gemaak" en dan weer terug te gaan na die tekenbord om te herbesin. Dit is ook nodig om onsself gedurig te verbeter t.o.v. keuringsprosesse, sowel as beoordelingsprosesse sodat ons kontinue groei in ons ras kan verseker.*

*Die veranderings in strukture van die SAEF is 'n gegewe en dit word ook deur wetgewing (SASCOC) ondersteun. Vir ons lede wat in buite-dissiplines skou hetsy in "standard seat", "saddle seat" , SANESA, SAEA of "gymkhana" (onder andere), wil ons die beste moontlike geleenthede vanuit die SA Boerperd Telergenootskap beding – dit is immers daardie ruiters wat ons ras se naam na die buite-wêreld uitdra. Ons wil ook graag sover prakties haalbaar, al ons lede se behoeftes binne die telersgenootskap akkommodeer – dit sluit dan ook ons getremde ruiters in.*

*Ons is ook baie opgewonde oor ons nuwe telers in Namibië en sal hulle graag sover moontlik m.b.t. keurings ens. wil ondersteun. Daar is oorweldigende belangstelling in ons ras en 'n unieke klub, onderhewig aan sekere voorwaardes van die SA Boerperd Telersgenootskap, is daar op die been gebring. Die SA Boerperd is nou amptelike internasionaal!*

*Finansies is altyd 'n tameletjie. Ek glo egter ons is nou op die regte pad en u sal sien dat dinge reeds baie beter daar uitsien.*

*Geniet die Nuusbrief.*

*Groete*
*Piet Grové*
PRESIDENT 2013/14

# IN HIERDIE NUUSBRIEF:

1. SA BOERPERD LOGO
2. KEURINGS EN KEURDERS
3. KLASSES VIR GETREMDE RUITERS
4. FINANSIES
5. BEOORDELAARS
6. SAEF
7. KLUBS
8. SKOU-KOMITEE
9. JEUG-AKSIE



NUUSBRIEF SAAMGESTEL DEUR
Petro Grové (petrogrove@mweb.co.za)

Stuur asb. alle bydraes vir die volgende nuusbrief aan ons voor 15 Mei 2014

# 1. SA BOERPERD LOGO & BRANDMERK

**SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP LOGO AS GEREGISTREERDE HANDELSMERK ® Registrasie no. 1998/02476**

Het u geweet? Die SA Boerperd Telergenootskap se embleem is 'n volwaardige geregistreerde handelsmerk en ons brand is uniek in Suid-Afrika, en wêreldwyd. Dit is iets om op trots te wees en uit te dra waar ons ook al gaan skou of ons perde bemark. Baie dankie aan Neil Pope wat hom destyds beywer het om die regstegniese aspekte vir ons in plek te stel. Ons het gedink u sal dit interessant vind om te weet dat ons handelsmerk en brand nie sommer net uitgedink is nie, maar dat dit amptelik en nasionaal geregistreer is en erken word. Daarmee saam gaan natuurlik ook sekere verantwoordelikhede gepaard wat ons graag met u deel.

Die SA Boerperd se amptelike embleem gaan in die toekoms soos volg me "R" gemerk word, soos reeds op bladsy 1 van hierdie nuusbrief uiteengesit. Dit beteken dat die embleem as 'n handelsmerk *geregistreer* is en dat die regte van hoe en waar om dit te gebruik, deur die Raad bepaal of opgeskort kan word. So sal die embleem dan ook, slegs met toestemming van die Raad, gebruik kan word waar amptelike borgskappe ens. betrokke is. Dit is tot ons almal se voordeel dat u die misbruik daarvan sal rapporteer sodat daar sodanige stappe geneem kan word ons unieke handelsmerk te beskerm. Met die registrasie van die embleem as handelsmerk, het ons die volgende regte verkry:

SA BOERPERD ®

- Die alleenreg as SA Boerperd Telersgenootskap om die embleem te gebruik na goeddunke. Indien enige ander instansie, stoet, ens. toestemming van die Raad verkry om dit ook te gebruik, moet dit so aan die registrateur van handelsmerke deurgegee word, anders word dit as onwettig beskou.
- Indien enige soortgelyke handelsmerk met subtiele veranderings, maar duidelik merkbare ooreenkomste, gebruik word sonder die toestemming van die Raad, is dit 'n oortreding van die Wet op Handelsmerke. Toestemming kan by die Raad daarvoor aangevra word. Indien die gebruik daarvan eties en verantwoordelik plaasvind, behoort daar nie probleme in die verband te wees nie.

**SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP SE BRANDMERK AS UNIEKE GEREGISTREERDE BRANDMERK EN TELERSGENOOTSKAP BY DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU:**
**REGISTRASIE No. 62/98/B-39**



Ons brandmerk is ons stempel van kwaliteit. Die eienaar van elke perd wat dit dra, kan dit met trots vertoon. Slegs keurders soos deur die Raad aangestel mag in besit van brand-ysters wees en die brand toedien. Dit is dan ook so geregistreer by die *Veediefstal-eenheid: SA Departement van Landbou* en word erken deur die Vee Verbeteringswet (No. 62/1998). Indien u ooit van die lukrake gebruik daarvan te wete kom, is dit tot ons almal se voordeel om dit ook aan te meld.

# 2. KEURINGS EN KEURDERS

**NUWE KEURDERS AANGESTEL**

Sommer vroeg in die jaar is daar voorberei vir die 2014 keurings deur ‘n opknappings- en opleidingskursus vir ons SA Boerperd keurders op Lomon Terreblanche se plaas, te Edenville. Alle keurders en kandidaat (junior) keurders het die opleiding bygewoon, waarna die kandidaat keurders op 3 vlakke geëvalueer is, naamlik:
(1) teoreties;
(2) prakties (waar die uitslae van die junior/kandidaat keurders teen die uitslae die seniors keurders gemeet is);
(3) d.m.v. onderhoude (waar hulle kommunikasievaardighede en menseverhoudinge geëvalueer is).

Die minimum slaagsyfer van elke afdeling is 50%. As die gemiddeld egter bereken word, is 50% nie genoeg om te slaag nie. Die gemiddeld moet minstens 60%. So word dan eintlik van die kandidaat verwag om meer as 50% kennis van die ras ten toon te stel om sodoende ’n gemiddeld van 60% in die 3 fasette te kan behaal. Alle uitslae is naamloos aan die Raad voorgelê vir bespreking.

Na afloop van die assessering, wens ons dan ook die volgende kandidate geluk met hulle aanstelling as SA Boerperd Keurders – sterkte met die taak wat vir julle voorlê om die standaard van ons ras hoog te hou:

- ✓ Sarita Meiring
- ✓ Frikkie Combrink
- ✓ Pieter Terreblanche.

**KEURINGSVEREISTES**

Die keuringstoere en hingste-keurings is nou al goed aan die gang in die verskillende streke. Baie geluk aan almal van u wie se perde reeds suksesvol gekeur en gebrand is. Ons wil net graag ’n paar besluite soos in die verlede geneem en deur die AJV ondersteun onder u aandag bring.

- Tydens die AJV 2012: 10.5 is dit genotuleer dat Mnr. Burger die lede in kennis gestel het dat DNS uitslae van perde na elke lid gestuur word en dat indien daar foute op is, *dit die lede se eie verantwoordelikheid* is om vir Unistel of die kantoor te kontak om die probleem te probeer oplos.

- In Nuusbrief 4, 2013: punt 4 is ook versoek dat alle perde waarvoor om keuring aansoek gedoen word, se DNS’e en ouerskap wel klaar geverifieer moet wees.

- Die kantoor het op 18 November 2013 aan alle lede ’n lys gestuur met name van ongekeurde perde. Uit hierdie lys kon u dan selekteer watter perde om voor te bring vir keuring in 2014. Die lys het ook die inligting ingesluit waarop telers/eienaars kon sien of ouerskap en DNS’e wel in plek is. Enige inligting wat as PEN (pending) aangegee is, moes verder ondersoek word. Die redes daarvoor kon een van die volgende wees:
  (1) DNS’e is nie gedoen nie
  (2) Ouerskap van een of albei ouers is nie geverifieer nie
  (3) CEM sertifikate en toetsing is nie op datum nie
  (4) Dekkingsertifikate is uitstaande.
  Dit was daarom die teler/eienaar van die betrokke perde se plig om by Unistel navraag te doen in die verband.

- Die feit dat *Unistel* ’n sertifikaat uitreik vir perde wie se DNS wel getoets is, beteken nie die DNS is noodwendig in orde nie. As u die sertifikaat van nader beskou, sal u sien dat daar soms ’n aantekening is dat een van die ouers nie geverifieer is nie. As voorbeeld, kyk ons na *Nandré Edgar*.


unistel

DNA PARENTAGE CERTIFICATE

Name of Sire: LANG-CAREL SPRINGBOK
Breed: S.A. BOERPERD
Date of Birth: 25/10/1999
Animal ID: ELC3-15
Registration No: 12037024
DNA Reference: 37070 37071
Profile origin: Profile generated by Unistel Medical laboratories

Name of Foal: NANDRE EDGAR
Breed: S.A. BOERPERD
Sex: Male
Date of Birth: 12/12/2010
Animal ID: —
Registration No: , EDGAR
DNA Reference: 202638 AA-79
Profile origin: Profile generated by Unistel Medical laboratories

Name of Dam: No Data
Breed:
Date of Birth: —
Animal ID: —
Registration No: —
DNA Reference: —
Profile origin: NO PROFILE AVAILABLE

This certificate is issued assuming that the biological samples received are from the relevant individuals and that any profiles received from external sources are correct.

Dr M.P. Marx
Managing Director

Date: 27 Februarie 2014

*Die ouerskap van die perd op die UNISTEL sertifikaat (links) is nie geverifieer nie. Daar is geen besonderhede van die moer ("dam") bekend nie, dus is slegs die vaderskap bevestig en die DNS nie volledig gedoen nie.*

*In hierdie geval sou die hare van die moer ook na UNISTEL gestuur moes word voor DNS getoets, bevestig en afgehandel kon word.*

- Die feit dat u vul/perd op *Logix* verskyn, beteken ook nie dat die DNS / ouerskap noodwendig as korrek bevestig is nie – dit is slegs 'n bevestiging dat u vul by SA Stamboek *aangeteken* is. Indien u op *Logix* kyk, sal u ook die inligting daar vind.





*Dieselfde perd as hierbo is ook op Logix aangeteken, maar die ouerskap is ook nie as "geverifieer" aangegee nie.*

- Lees ook asb. die aansoeke om keuring deeglik deur voor u dit teken. Met die instuur van die keuringsaansoeke, moes u reeds in die blokkies links bevestig het dat die DNS'e wel gedoen en geverifieer is.

**DUS:**
**MAAK SEKER DAT DIERE WAT VOOR KEURING GEBRING WORD SE OUERSKAP**
**EN DNS'e IN PLEK EN KORREK IS <u>VOOR</u> AANSOEKE OM KEURING INGEHANDIG WORD.**
**Indien daar enige navrae oor DNS verifikasie is, kontak gerus direk vir Hester direk by Unistel.**
**Tel: 021-9389212**

# 3. KLASSE VIR GESTREMDE RUITERS



Met die saak van Oscar Pistorius duidelik in ons geheue, is almal van ons deeglik bewus daarvan dat atlete met gestremdhede met behulp van sekere hulpmiddels in die breë (normale) stroom kan kompeteer. So is dit dan ook die geval by gestremde perderuiters waar hulle met sekere aanpassings in die enige skou-klas sal kan kompeteer. Daar bestaan reeds so ʼn handleiding m.b.t. perdesport, nl. die ***FEI Para-equestrian Classification Manual*** wat internasionaal erken word. Hiervolgens word elke ruiter se besondere gestremdheid gegradeer om sodoende aan die persoon ekstra hulp te verleen volgens sy/haar behoefte. Met die hulpmiddels in plek, ry die persoon dan onder dieselfde beoordelingskriteria, asook in dieselfde klasse as normale ruiters op skoue. So ʼn persoon sal dan volgens die FEI klassifikasie in gewone klasse kan ry. Heinrich Kohne wat 'n beenprostese dra, sal bv. toegelaat word om rekke te gebruik om sy prostese in posisie in die stiebeuel te hou. Die hulpmiddels word streng gereguleer en geklassifiseer. Aspirant deelnemers kan vooraf aansoek doen by die skou-komitee indien hulle in gewone skou-klasse wil kompeteer.

Daar sal tydens ons Nasionale Kampioenskappe voorsiening gemaak word vir sulke inskrywings. Elke inskrywing se versoek sal individueel geassesseer en deur Heleen Pope (Voorsitter: Skou-komitee), saam met ʼn kundige hanteer word.

Ons sal dit graag op die AJV:2014 bespreek sodat die skou-reëls ook in die toekoms hiervoor voorsiening kan maak. Gestremde ruiters wat toegelaat word om in gewone klasse ry, sal moontlik bv. ʼn blou band om die arm kry wat hulle sal onderskei van ander ruiters, asook onder die beoordelaars se aandag sal bring. Beoordelaars sal vooraf ingelig word van die aard van hulle gestremdheid.

# 4. FINANSIES

**Jan Joubert**

Dit is absoluut wonderlik om te kan verslag dat die nuutste finansiële state toon dat daar ʼn aansienlike verlaging van uitstaande gelde is. Baie dankie aan Elize in die kantoor vir haar harde werk in die verband, asook al die lede vir hulle samewerking. Ons wil almal graag daaraan herinner dat alle rekeninge oor 30 dae steeds as agterstalling beskou word en dat *geen skou-inskrywings* by enige SA Boerperd Kampioenskappe aanvaar sal word indien die betrokke rekening 60 dae of langer uitstaande is nie. Daar sal ook dan geen dienste verskaf word vanaf die SA Boerperd Telersgenootskap se kantoor nie.

# 5. BEOORDELAARSKURSUS



Daar word ʼn lekker *bosberaad* beplan vir ons beoordelaars. Frikkie Combrink (RAADSLID: Opleiding en Kursusse) sal eersdaags aan almal wat belang stel die datums deurgee. Ons wag net vir die bevestiging van die venue. Hou gerus ons web-blad, asook die *Facebook* blad dop vir verdere inligting.

# 6. SAEF




Soos u reeds weet, is Jan Joubert en Michiel Burger ons SA Boerperd, asook ander telersgenootskappe se verteenwoordigers in onderhandelings met die SAEF (*South African Equestrian Federation).* In eenvoudige terme, is die SAEF die organisasie waarby perde teen 'n minimale bedrag (tans R30 per perd), geregistreer moet word om kompeterend te kan deelneem alvorens hulle aanmerking kan kom vir amptelike provinsiale- en later dalk ook nasionale kleure. Ruiters moet dan ook verder afsonderlik by die onderskeie dissiplines, sowel as 'n geregistreerde klub geaffilieer wees. Elke perd kry dan 'n registrasie nommer en moet in besit van 'n *geldige paspoort* wees. Paspoorte kan van SA Stamboek teen R85 bestel kan word. Die kalenderjaar van die SAEF loop gewoonlik vanaf 1 Augustus tot 31 Julie. Gelde is dus betaalbaar vanaf 1 Augustus. Indien u dalk later registreer, is die kostes by die onderskeie dissiplines minder. Dit hang by sommige dissiplines (bv. skouspring en eventing) ook af van die moeilikheidsgraad van die betrokke ruiter/perd.

Aansoekvorms vir SA Stamboek paspoorte is beskikbaar op die webblad. Die vorms moet deur 'n **veearts** gestempel word.

**LET WEL :** Alle inentings vir paspoort doeleindes moet deur 'n **veearts** gedoen en gesertifiseer, asook geteken en gestempel word.

OPSOMMEND: DIE ROETE OM TE VOLG VIR REGISTRASIES

1. Doen aansoek vir 'n geldige paspoort.
2. Registreer by 'n klub in u geografiese gebied en hou die nommer.
3. Registreer by die SAEF en hou die nommer.
4. Registreer by die onderskeie dissiplines van u keuse.

SOUTH AFRICAN EQUESTRIAN FEDERATION

Sedert die vorige nuusbrief (2013, No. 4), is daar 'n nuwe president vir die SAEF aangewys, naamlik Mnr. Dewald Viljoen. Daar is 'n voorstel gemaak dat die SA Boerperd Telersgenootskap (wat dan ook deel uitmaak van die voorgestelde kollektiewe Telersassosiasie / *Breeders' association),* met al hulle lede by die SAEF sal aansluit @ R1500 per jaar en dat alle lede van die betrokke Telersgenootskappe se perde dan onderskeidelik as lede van die SAEF erken sal word. Geen lede van die SA Boerperd Telersgenootskap sal dan individueel by die SAEF hoef aan te sluit nie. Lede sal egter steeds self vir buite skoue by die onderskeie assosiasies (bv. dresseer, skou-spring, polo, ens.) asook 'n klub moet aansluit.

Die huidige sisteem verplig almal wat by 'n spesifieke dissipline wil aansluit om ook aan 'n klub binne 'n sekere geografiese gebied waarin die aansoeker woon, aan te sluit. Die klub reik aan elke lid 'n unieke lid-nommer uit.

# 7. KLUB-AKTIWITEITE

**KLUBS & FOOIE**

Tydens die laaste Raadsvergadering (24 Januarie 2014) is voorgestel dat nuwe lede by intrede 'n aansluitingsfooi van R250 gehef sal word. Lomon Terreblanche kontak alle nuwe lede getrou en verwys hulle dan ook na hulle betrokke streekklubs. Indien van hierdie lede sou verkies om aan 'n ander klub te behoort, moet hulle die voorsitter van hulle klub, asook die kantoor, skriftelik daarvan in kennis stel.

<u>Die kantoor is bereid om vanaf 2014 klubgelde namens die klubs in te samel d.m.v. fakturering. Indien klubs van hierdie diens gebruik wil maak, is die klubgelde voorgestel op R250.00 per jaar. Die klubs/streke wat van die diens wil gebruik maak, moet dit op klub-vlak goedkeur en dan skriftelik by die Raad daarvoor aansoek doen. Indien klubs self hulle gelde insamel, word dit in die klub-bankrekenings inbetaal. Indien die kantoor egter wel die gelde insamel, word dit dan in die SA Boerperd Telersgenootskap se bankrekening inbetaal word en sal vandaar na die klubs se onderskeie rekenings geallokeer word.</u>

- **GAUTENG SA BOERPERD KLUB**

Baie geluk aan Heleen Pope en die Gauteng SA Boerperd Klub met die *Horse of the Year* skou wat plaasgevind het op Valentynsdag by *Kayalami Equestrian Park*. Al die deelnemers is bederf met 'n rooi roos (geborg deur Tokoza), wat baie spesiaal was. *Horse of the Year* se skouklasse stem nie noodwendig 100% ooreen met die SA Boerperd se skou-struktuur nie, aangesien al die deelnemende perderasse se klasse dieselfde moet wees. Die rede daarvoor is dat die klaswenners van elke ras op die ou einde teen mekaar meeding as hoogtepunt van 'n week-lange skou. Die klasse oorvleuel wel gedeeltelik met ons Universele klasse. Die SA Boerperde het met die inskrywings van 2014 se *Horse of the Year* 'n rekordgetal bereik wat wel vir ons 'n aanduiding is dat baie van ons Universele ruiters graag in die buite-wêreld meeding.
Die Gauteng Streekkampioenskappe vind plaas te Misty Meadows, 13 – 16 Augustus 2014.

- **WP SA BOERPERD KLUB**

In Riversdal is die WP Streekkampioenskappe suksesvol aangebied deur die WP SA Boerperd klub, 19-22 Februarie. Kyk gerus na die uitslae en foto's op die web-blad.

- **VRYSTAAT SA BOERPERD KLUB**

Die Vrystaat Streekkampioenskappe se klaslys en inskrywingsvorms sal eersdaags op die web-blad beskikbaar wees. Dit is al tradisie om met skou-spring te begin en met die baie opwindende en unieke KROONPERD klas te eindig. Die skou vind plaas van 28 April tot 1 Mei 2014.

- **HOëVELD SA BOERPERD KLUB**

Baie geluk aan die Hoëveld SA Boerperd Klub (Mpumalanga) wat op 15 Maart 2014 'n opleidingsdag aangebied het vir die skou van in-hand perde deur Leon Botha. Dit was 'n baie suksesvolle byeenkoms met 'n opkoms van 75 mense! Sterkte ook met die aanbieding van die Mpumalanga Streekkampioenskappe, 2 – 5 April 2014, Ermelo Skougronde.

- **NATAL SA BOERPERD KLUB**

LET WEL dat die Natal Streekkampioenskappe hierdie jaar in Newcastle plaasvind. Die <u>datum het geskuif</u> na <u>15 – 19 Julie 2014</u>. Die voorlopige beplanning is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Dinsdag, 15 Julie | : | 10:00 -12:00 Hings-keuring, daarna Veelsydige ryperd-/dresseer klasse. |
| Woensdag 16 -17 Julie | : | 08:00 Teelklasse , daarna ryklasse. |
| Vrydag 18 Julie | : | 08:00 Kampioenskappe. |

- **NAMIBIESE SA BOERPERD KLUB**

Dit is met groot trots dat ons nou kan aankondig dat die SA Boerperd nou die grense van 'n plaaslike ras oorgesteek het. Met die stigting van die **Namibiese SA Boerperd Klub** in Windhoek, Namibië is ons nou internasionaal. Baie geluk en sterkte aan Callie Swanepoel (Voorsitter) en sy span met die uitbou van ons ras in Namibië, onder die beskerming van die SA Boerperd Telersgenootskap. Klub Namibië het reeds hierdie jaar 5 perde laat keur en ons sien uit na die 21 perde in 2015! Tesame met die keuring, is daar ook opleidingskursusse deur Theunis Pretorius en Frikkie Combrink aangebied in die volgende aspekte:

- Bouvorm

- Skou etiket
- Administratiewe prosesse (Aantekening van vullens; DNS prosedures; Keuringsprosedures, ens.).

Daar is baie belangstelling in die SA Boerperd vanuit Namibië. Dit is moontlik ook 'n groot afsetgebied vir die SA Boerperd in die toekoms. Tans is daar 'n beraamde 1000 sportperde in en om Windhoek alleen.

# 8. SKOU-KOMITEE

**Die oorhoofse taak van die Komitee is om die Nasionale Kampioenskappe te reël en te koördineer. Die SA Boerperd Skou-komitee moet toesien dat die Genootskap se reëls, regulasies en standaarde met betrekking tot skoue, onder die beskerming van die Genootskap, nagekom en toegepas word. Die Komitee tree op in 'n raadgewende en ondersteunende hoedanigheid vir die Raad. Byvoegings, wysigings en/of veranderings aan reëls, regulasies klasse en/of prosedures moet aan die Raad voorgelê word vir oorweging en goedkeuring.**

| | | |
|---|---|---|
| **Heleen Pope** | – | Koördineerder en algemeen |
| | – | Sel No.: 082 630 1827 |
| **Frikkie Combrink** | – | Beoordelaars, Beamptes, stalle besprekings en Streekkampioenskappe |
| | – | Sel No.: 083 324 2524 |
| **Petro Grové** | – | Skou-spring en Jeugaksies |
| | – | Sel No.: 082 551 3221 |
| **Mariaan Theron** | – | Dresseer tydens Nasionale Kampioenskappe |
| | – | Sel No.: 084 504 8013 |
| **AJ Burger** | – | Tradisionele afdeling, arena (in hand) en versamelring uitleg tydens die Nasionale Kampioenskappe |
| | – | Sel No.: 082 895 5929 |
| **Johan de Klerk** | – | Universele afdeling, Jeugaksies en Verbode middels |
| | – | Sel No.: 082 495 2957. |

Vir kontinuïteit en ondervinding is drie van die komitee lede van 2013 weer ingesluit om op die komitee te dien. Drie nuwe komiteelede is Petro Grové, AJ Burger en Johan de Klerk. Komitee lede kan Klubs of enige ander persone/lede betrek vir hulp met hulle onderskeie take. Oorvleueling van take tussen Komiteelede sal ook plaasvind soos bv. by Streek Skoue, asook reëls en regulasies net soos in die vorige jaar. Al die komiteelede sal betrek word by die Nasionale- en Streek skoue se programme, tydtafels ens.




**2014**
**NASIONALE**
**SA BOERPERD**
**KAMPIOENSKAPPE:**

**6-12 Oktober 2014**
**Afri-Dome, Parys**




# 9. JEUG-AKSIE

**FINANSIES**

Ons het gedurende 2013 geen begroting gehad vir die jeug nie, maar staat gemaak op die onderskeie klubs vir die borg van elke jeug funksie. Dit het goed gewerk en ons sal dit daarom so wil hou.



Dit is egter so dat ons per geleentheid geld nodig gaan hê vir jeugaktiwiteite. Ons het die les in 2013 geleer waar die volle *Musikale Extravaganza* onderskeidelik finansieel deur Hoefstraal- en Langsig SA Boerperd stoete geborg is. In die lig hiervan, het die Raad toestemming gegee dat ons by elke SA Boerperd Stoet 'n bedrag van bv. R250.00 (of meer) mag vra as *vrywillige skenking* vir die Jeug-Aksies vir 2014. Indien u graag 'n bydrae wil lewer, kan dit in die SA Boerperd Telersgenootskap se bankrekening inbetaal word. Merk dit net duidelik as fondse vir die Jeug-Aksie.

**AKSIE 2014: STRICTLY COME SHOWING**

Ons JEUG-AKSIE vir 2014 is 'n skouklas wat ons noem "***STRICTLY COME SHOWING***". Dit gaan groot pret wees, maar julle sal al lank voor die tyd daaraan moet begin oefen! Dit is 'n klas waarin jy alles wat jy in SKOU-klasse doen op maat van musiek wys. Natuurlik is dit belangrik om musiek te kies wat by jou perd se beweging pas. Jy mag ook sekere bewegings herhaal. As mens die musiek goed ken, is dit dan ook maklik om te onthou wat jy wanneer wil doen – die musiek gee mos vir jou die leiding! Geen beoordelaar gaan vir jou vooraf sê wat om te doen nie. Universele en Tradisionele perde is baie welkom!

Daar is net een perd op 'n slag in die skou-arena en jy kry 2 minute en 30 sekondes om jou perd af te wys met skou-bewegings wat pas by die musiek, bv.

- Halt / Tru.
- Stap : Medium stap; verlengde stap.
- Draf : Werkende draf; verlengde draf.
- Galop : Werkende galop; Verlengde galop.
- Saluut : Begin en einde van die klas.
- Kortgang / Trippel (vir tradisionele perde).

Die beweging kan natuurlik in sirkelvormige of *serpertine* vormige bewegings, figure in die vorm van 'n 8, asook veranderings deur die diagonaal wees. GEEN DRESSEER bewegings soos *leg yielding, passage, ens. is toelaatbaar nie.*

Ons JEUG-AKSIE op elke skou gedurende die jaar, bestaan dus uit iemand wat julle 'n bietjie gaan touwys maak oor wat om te doen en hoe om te beplan vir die *Strictly come Showing*. Julle sal ook die geleentheid kry om 'n bietjie self te probeer. Die mense wat julle gaan help is:

| | |
|---|---|
| Mpumalanga Skou: | Nicolene Scholtz |
| Kwa-Zulu Natal Skou: | Danelle Theron |
| Vrystaat Skou: | Riana Pretorius |
| Gauteng Skou: | Linda Meintjies. |



**JEUG-AKSIE: *STRICTLY COME SHOWING***

***DEFINISIE*** : *'n Skouklas met een perd in die arena waar skou-praktyke saam met musiek ten toon gestel word.*

***DOEL*** : *Om die korrekte SKOU praktyke en afrigting van 'n perd in 'n area van 60m x 20m te wys, maar met die byvoeging van gepaste musiek.*

***REëLS***

- Die skou roetine (volgorde van bewegings) kan self gekies word sodat dit pas by die musiek. Deelnemers mag dus hulle eie skou saamstel wat hulle perd ten beste vertoon, solank dit binne die perke van SKOU-praktyke bly. Dit is NIE dresseer NIE.
- Die toets begin en eindig met 'n saluut voor die beoordelaar.
- Daar mag 'n maksimum van 2 hindernisse uit die Werkende Jagperd en/of Werksperd klasse ingesluit word.
- Tipe bewegings:
  - Saluut : Begin en einde van die klas.
  - Stap : Medium stap; verlengde stap.
  - Draf : Werkende draf; verlengde draf.
  - Galop : Werkende galop; Verlengde galop.
  - Halt /stilstaan / Tru.
  - Kortgang ; Trippel (vir tradisionele perde).
- Die bewegings vind plaas binne die oppervlakte van 60m x 20m, sonder enige afbakening van sub-areas met letters soos op 'n dresseerbaan. Dit sal met vlaggies uitgemerk word.
- Die klas mag ook op 'n "side saddle" gery word. Western tipe saals is ontoelaatbaar.
- Maksimum tyd toegelaat: 2minute 30 sekondes.
- Die klem vir die beoordelaars val op 'n goed geskoolde perd, met die regte postuur volgens sy tipe.
- Drag en voorbereiding van perde vind plaas volgens die reëls van die SA Boerperd Telergenootskap.
- Toerusting: Volgens die SA Boerperd Skou-reëls.
- Die musiek moet klaar gesny wees volgens die toelaatbare tyd en vooraf ingehandig word. Die formaat daarvan (CD of *Flash-drive*, sal later deurgegee word).

***TOEKENNING VAN PUNTE***

| | | |
|---|---|---|
| *Inhoud van die roetine*<br>*Akkuraatheid van bewegings*<br><br>*Algemene indruk:*<br>*Produksie van beweging*<br>*Houding en uitvoering*<br>*Maniere van die perd* | *Musikale interpretasie* | *Konformasie / Bouvorm* |
| *60 punte* | *30 punte* | *10 punte* |

